Die Krugertjie

(Weeklikse gemeenteblad)

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za
Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Jan Fanoy 0836419742
Epos: jfanoy@wsmleshika.co.za
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster
0823772108
Orrelis (aflos): Br Jaco Viljoen (0765546527)

Die Krugertjie
www.gk-pretoria.weebly.com

Was in die jare 1929– bekend as *Kerkstem*
40 jaar later het dit geword *Onder die herderstaf*

11 Januarie 2015 (2)

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing: Numeri 33
Teks: Numeri 33:2
Sing: Ps. 98:1,2; Ps. 73:1; Ps. 95:4,5; Ps. 46:1,3,6
God was daar.
God is daar.
God sal daar wees.

KATKISASIE– Katkisasie begin DV weer op 18 Jan 2015.

TWEEDE EREDIENS (10h30)
Skriflesing: Markus 5
Teks: Markus 5:36
Sing: Ps. 65:3,8,9; Ps. 25:1,4; Ps. 36:2,3
Moenie vrees nie, glo net!

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 3 en 4
Ouderlinge: Steve Joubert en Frik Eloff
Diakens: Johan Wolmarans en Wynand Du Venage

Volgende Sondag (18/01/2015)) – Wyke 5 en 6
Ouderlinge: Nico van der Dussen
Diakens: Alwyn Wolmarans en Reuben Grobler

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Sustentasie Intand-houding
18/01/2015 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Ekuminisiteit Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
06/01-15/01	Algemene Sinode Potchefstroom
14/01/2015	Skole heropen
20/01	Finans-Adviesvergd
22/01	Kerkraadsvergd

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .
Ons meelewing aan **sr Alta de Ridder en sr Annemaria** en hulle geliefdes en die hele De Ridder familie met die dood van wyle br Dries de Ridder. Ons bid hulle die troos van die Heilige Gees toe in die dae wat kom. **Br Martin Tredoux** wat baie groot hart-operasie moes ondergaan is ons gebed dat hy spoedig volkome mag herstel. Ons is saam met sr Elsa dankbaar vir die goeie vordering wat daar reeds is. **Br Johan Schalekamp se susterskind** is baie ernstig siek in Milpark hospitaal in Johannesburg. Sy het reeds hartoorplanting moes ontvang waar haar toestand steeds kritiek is. Mag ons as gemeente ook aan haar en hulle as familie in ons gebede aan die Here opdra. Ons is dankbaar dat dat **Sr Marietjie Laubscher** se gesondheid baie verbeter het. **Sr Winnie Lourens** wat met tye las van haar gesondheid het word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Br Dawie de Bruin** bid ons volkome herstel toe na die operasie in sy skouer. Ons dink ook aan **br Willie Buys** wie se gesondheid hom swaar dae laat beleef. So bly ook **ds. Andries Mulder** in ons gebede. Medegelowiges wat lank reeds met hulle gesondheid worstel word nie vergeet nie.
Susters Cora Kruger, Anna Eloff en Rina Aucamp.

GEHOORHULP

Dit is moontlik om in en rondom die kerkgebou deur middel van u radio of radio op u selfoon op die eredienste in te skakel. Dit kan met groot vrug gebruik word sou u gehoor ook nie meer is wat dit moet wees nie.
Die frekwensie waarop u u toerusting moet stel is FM 101.8.

JAARKALENDERS IS GEREED

Ons kalenders met ons jaarbeplanning vir 2015 is gereed. Ons vra dat u sovêr moontlik u kalenders in konsistorie kom afhaal. Skryf asseblief net u naam op as u een neem. U moet ook daarop let dat ons die wyke se nommers numeries herstel het.

Die Almanak boek met al die kerke se gegewens en dagstukkies is daar weer in die konsistorie beskikbaar.

SUSTERSAAMTREK 2015

Alle susters is reeds uitgenooi na vanjaar se sustersaamtrek by die Gereformeerde kerk Meyerspark. Dit vind plaas DV Saterdag 7 Maart 2015. Die tema is *Julle is Sout en Lig*. Spreker is Stephan Joubert. Koste is R125. Almal wat graag wil gaan moet solank hulle name by sr Christine opgee.

SPREUKE

Vervolg van verlede week

SPREUKE 6:18

6:18. Onheilsplanne beraam – Dit is dieselfde "valse streke" in die hart, wat in **v 14** genoem is. So `n hart is die Duiwel se werkswinkel, en is teken van die uiterste verval en boosheid. Jes 59:7b – "Hulle gedagtes is onheilsgedagtes, verwoesting en verbrekening ..."

Die vyfde ding is **voete** wat haastig op pad is na die kwaad. Jes 59:7a noem dit ook – "Hulle voete hardloop om kwaad te doen en is haastig om onskuldige bloed te vergiet."

6:19. Valse getuie – Dit raak alle leuens en hulle bedoelde gevolge, wat deur die God van die waarheid gehaat word. Die Negende Gebod is daarteen gegee. Vs 17 raak ook al hieraan.

Die sewende saak is **tweedrag saai**. Stel daarteen Ps 133. Dit besing die saamleef en een-wees in die waarheid: "Kyk, hoe goed en hoe lieflik is dit dat broers ook saam-woon!" Satan in sy boosheid wil harminie, vrede en eenheid versteur. Dit is die dinge wat die koms van Antichris nog teenhou (2 Thess 2:6).

Owerspel

Weereens word hierdie kwaad opgeneem as voorbeeld van `n lewe sonder wysheid en oorleg. Hoeveel val was daar nie al op hierdie gebied nie ! Gen 6:1-7 noem al die dogters van die mense wat vir die gelowige jongmans mooi was en aanleiding was tot die verval van die hele mensdom. Dit was Israel se val. Volgens Openb 2:14 was dit die gevolg daarvan dat hulle op Bileam se raad saam met die afgodsdiens begin hoereer het. Hoeveel ongeluk het dit nie gebring aan Dawid en sy huis nie. Salomo se vele vroue het tot sy ongeluk gelei. 1 Kor 5 en 6:12ev vat die Nuwe Testamentiese leer hieroor saam.

6:20-22. Mag hierdie woorde van wysheid die luisteraars bewaar. Hierdie verse bevat dieselfde aanmoediging van vorige hoofstukke.

6:23. Gebod – Die hele Wet van God word bedoel, maar die Sewende Gebod sal spesiaal bedoel wees, oor egbreuk pleeg. Die Wet word in die hele Skrif op uitgebrei om vir ons **teregwysing** en **tug** te wees.

6:24. Slegte vrou ... gevlei – Die valse vleitong van die kwaaddoeners word aan die ontugtiges ook toereken. Party vertaal "slegte" ook met die "*bose*" vrou.

6:25. Skoonheid ... ooglede - `n Duidelike prent van `n verleidster word geteken.

Dit wek sondige begeerte. In Mat 5:27-28 sien ons hoe Christus die ongesonde begeerte veroordeel.

Sommige verklaarders meen dat bedoel word dat `n prostituut armoede kan bring, maar `n getroude vrou die dood self. Die ontugtige is nie net op jag na jou besittings nie, maar is soos `n jagter wat jou dood soek.

6:26. Stuk brood – Die spandeer van mens se inkomste op hierdie boosheid sal lei tot die selfde armoede as waarteen vroeër in die hoofstuk gewaarsku word.

`n Ander se vrou – Dit is nie net van ongetroude ontugtiges wat gepraat word nie. Vandag word van sulke ontug tussen getroudes sonder afwysing gepraat. Hulle jag in Satan se diens op ander se lewens – nie net vir nou nie, maar vir ewige verderf vir die wat onberoulik op hierdie pad bly.

6:27-29. Vuur in sy skoot ... gloeiende kole ... nie ongestraf – Op `n verstaanbare wyse word ontugtugheid geteken. Dit is werklik om met vuur te speel ! Die bedekte verwysing hierin na die einde in die ewige vuur moet ons afskrik. Net so onnatuurlik en dwaas as wat dit is om jou liggaam bloot te stel aan iets wat jou skade sal doen, is dit om jou siel aan ontugtiges te verkoop.

Vrou van sy naaste – Dit is `n pad na ondergang. So het God se straf oor Dawid die pad gewys, toe sy en Batseba se kind gesterf het (2 Sam 12).

6:30-35. Dief v 30)... owerspel (v 32) – Wanneer `n dief betrap word, is daar die nodige straf. Die straf kom, selfs waar versagtende omstandighede of berou is. Waarom dink mense dat God hierdie ander sonde ongestraf sal laat ?

Daar is egter `n verskil. Iemand kan steel omdat hy honger het, maar watter verskoning is daar vir ontug ? Daar is beslis skande in diefstal, waarom dink mense dat hulle die smaad en skande van ontug kan vermy ? `n Dief kan skade-vergoeding aanbied. Wat kan die ontugtige bied ?

Vrou van sy naaste – Dit is `n pad na ondergang. So het God se straf oor Dawid die pad gewys, toe sy en Batseba se kind gesterf het (2 Sam 12).

6:30-35. Dief v 30)... owerspel (v 32) – Wanneer `n dief betrap word, is daar die nodige straf. Die straf kom, selfs waar versagtende omstandighede of berou is. Waarom dink mense dat God hierdie ander sonde ongestraf sal laat ?

Daar is egter `n verskil. Iemand kan steel omdat hy honger het, maar watter verskoning is daar vir ontug ? Daar is beslis skande in diefstal, waarom dink mense dat hulle die smaad en skande van ontug kan vermy ? `n Dief kan skade-vergoeding aanbied. Wat kan die ontugtige bied ? Die party wat in ontug skade ly, is nie so vergewensgesind as die een van wie gesteel is nie (in hierdie geval natuurlik, omdat die dief honger was).

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

8 Jan 1806– Tweede anneksasie van die Kaap; *9 Jan 1814*– Invoering van Evangeliese gesange Kerkraad Kaapstad; *9 Jan 1871*– Digter Eugene Marais gebore; *10 Jan 1818*– Prof Dirk Postma in Dokkum Friesland gebore; *11 Jan 1696*– 'n Ligte aardbewing vind aan die Kaap die Goeie Hoop plaas; *11 Jan 1859*– Uittrede van 15 Gereformeerdes uit Herv. Kerk ZAR; *13 Jan 1815*– Kaap word vir goed n Engelse kolonie; *14 Jan 1840*– Pretorius proklameer Natal as Boeregebied; *13 Jan 1849*– Kerkbode verskyn 1ste keer

BEROEPENUUS en KERKE NUUS—

Wat maak ons gereformeerd? (4) (Dr. Chris Saayman– 2007)

(vervolg van verlede week)

Kerk van die Woord

...Die verbond

Volgens die Dopers het die Reformatore nie vêr genoeg gegaan met die kerkhervorming nie. Daarom wou die Dopers na die ervarings van die eerste Pinksterdag en die godsdienstige belewing van die Korinthiese gemeente (1 Kor. 14) teruggryp. Die Reformatore het hulle duidelik van die Dopers gedistansieer. Die hele situasie het hulle egter genoop om die Bybelse gronde vir die kinderdoop te verhelder. Dit het hulle gedoen deur die leer van die verbond te ontwikkel. Die kerk het altyd geweet dat die genadeverbond 'n basiese werklikheid in Gods verhouding met Sy volk is, maar dit was die taak van die Reformatore om die verbondsleer vollediger te ontwikkel. Gereformeerdes glo dat God se verbond vir die kerk van alle tye betekenis het. Hulle glo soos Paulus dat die kerk van die Nuwe Testament ingeënt is op die olyfstam van Israel (Rom 11). Daarom aanvaar hulle dat die gemeente van Christus dieselfde verbond struktuur as die gemeente van die Ou Testament besit. Die gemeente bestaan nie uit bekeerde individue nie, maar uit gelowige families. Die doop dra dieselfde basiese betekenis as die besnydenis. Gereformeerdes onderskei geen aparte, alleenstaande "verbondsleer" as iets ekstra tot die evangelie nie, maar sien die totale boodskap van die Bybel as verbondsevangelie. Evangelie en verbond is sinoniem. Spesifiek hierdie oortuiging maak ons gereformeerd.

Kerkregering

Gereformeerdes is op grond van die Bybel daarvan oortuig dat plaaslike gemeentes selfstandige kerke in hulle eie reg is en dat die drie Bybelse ampte van leraar, ouderling en diaken in die kerk onderhou moet word. Op hierdie eenvoudige gegewens is die gereformeerde stelsel van kerkregering (presbiteriaal) gebou wat alle priester-heerskappy en hiërargie uitsluit en daarvan uitgaan dat die Woord van God die maatstaf moet wees waaraan die besluite van alle kerklike vergaderings gemeet moet word. In 'n gereformeerde kerk heers die "meerdere" vergaderings nie oor die plaaslike gemeente nie. Daar bestaan ook nie so iets soos 'n sentrale kerklike "bestuur" nie. Die voorsitter van 'n meerdere vergadering behou geen deurlopende "posisie" nadat die vergadering verdaag het nie. Spesifiek hierdie vorm van kerkregering maak ons gereformeerd

Word vervolg

Baie geluk met u verjaarsdag

12/01– Doreen Badenhorst 0834194147	16/01 Roche Pratt 0823193269
13/01– Hester du Plessis 0829696845	18/01 Andries Badenhorst 0740447047
14/01– Thomas van Dyk 0835948438	18/01 De Klerk Prinsloo 0723279163
15/01– Cora Kruger *0124408733*	18/01 Estie Venter 0728273835
16/01– Johan Kruger 0842153275	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer*

Geloof bestyg die trappe wat Liefde gebou het en kyk deur die vensters wat Hoop oopgemaak het.– CH Spurgeon